

KANTAANTEKENINGE BY DIE KERKHERENIGINGSPROSES

Ds Hansie Schutte

Die huidige stand van die kerkherenigingsproses bring gemengde gevoelens by my teweeg. Aan die een kant is daar dinge aan die gebeur wat my dankbaar en bly en opgewonde maak. Aan die ander kant egter is daar ook sekere sake wat my onrustig stem. Ek wil met laasgenoemde begin :

EENHEID 'N BYBELSE OPDRAG?

Vir my is dit duidelik dat teenstanders van die proses graag wil aantoon dat daar geen Bybelse imperatiewe vir kerkhereniging is nie. Hulle argumenteer dat die eenheid van die kerk in die Skrif 'n *geestelike* saak is en nie op *strukturele* eenheid betrekking het nie. Hulle wys daarop dat voorstanders van kerkhereniging die betrokke Skrifdele (bv Joh 17 en Efes 2 en 4) te gemaklik as 'n imperatief vir kerkhereniging aanwys - volgens hulle is geen sodanige betekenis daaraan te heg nie.

Dit is my oortuiging dat die huidige proses by hierdie saak gaan staan of val. Ek dink dat voorstanders van hereniging hierdie feit nie genoegsaam verdiskonteer nie. Daar word al te gemaklik gesê dat ons lankal reeds by die *dat van kerkhereniging* verby is - nou is dit die tyd vir die *hoe van kerkhereniging*. Die huidige debat wys uit dat almal nog nie by die *hoe* is nie, maar steeds by die *dat* vassteek.

Dit is duidelik uit die besluite van die Algemene Sinode dat hierdie meerdere vergadering veral sedert 1986 die noodsaak van een kerkverband vir die Familie van NG Kerke grond op dit wat die Skrif oor die eenheid van die kerk leer :

** Die Woord van God vereis egter van die kerk dat hy hierdie onsigbare eenheid ook hier en nou sal beleef en sigbaar maak.....die wêreld moet dit ook kan waarneem (1986)*

** Die kerk het die verantwoordelikheid om sy diepliggende en onaantasbare eenheid in Christus in hierdie verskeurde en verdeelde wêreld te bely, te beleef en sigbaar te maak (1990)*

** Die Algemene Sinode spreek sy ernstige begeerte uit om saam te werk met die ander lede van die Familie van Ned Geref Kerke aan die daarstelling van een kerkverband op grondslag van 'n goedgekeurde kerkorde (1994)*

** Die Algemene Sinode verbind hom opnuut daartoe om, onder die beskikking van die Here, in samewerking met ander lede van die NG Kerkfamilie, een kerkverband tot stand te bring (1998)*

** Die Algemene Sinode spreek daarom die oortuiging uit dat daar so spoedig moontlik oorgegaan moet word tot die stigting van of hereniging tot een kerkverband vir die Familie, en verklaar die Algemene Sinode hom bereid en gereed vir so 'n proses (2002)*

** By die Sinode het ons voor die aangesig van die Here opnuut oortuig geraak van die belangrikheid van kerkeenheid en ons wil onself met nuwe toewyding daaraan wy. Ons glo dat die Here van ons vra om so spoedig moontlik ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom in een kerkverband (2004)*

Miskien het die Kerk gefaal om hierdie besluite deeglik na al sy lidmate en ampsdraers te kommunikeer, of is dit 'n geval dat teenstanders van die proses eerlik is in hul eksegetiese verskille met die Algemene Sinodes. Die waarheid is dat almal nie saam op die wa is en saam kan (of wil) verklaar nie : *Dit is die Here se wil dat ons as Kerkfamilie één kerk sal wees!* En solank as wat dit die geval is, is die proses op dun ys!

Ek is daarvan oortuig dat die teenstanders ook te gemaklik is - in hul afwys van 'n Bybelse imperatief vir kerkhereniging. Die argument dat die eenheid van die kerk bloot 'n geestelike saak is, bevredig nie. Hoe sal die mense van die wêreld weet dat die Vader die Seun gestuur het en daarom ook dat Hy hulle liefhet, en dit alles omdat hulle, die dissipels as kring van gelowiges, *één* is? (Joh 17:23) Vir my is dit duidelik dat dit 'n geval is van *sien is glo!*

Die Nuwe Testament ken slegs *een kerk* : gelowiges in Jerusalem, Rome, Efese en 'n klompie ander plekke wat op daardie plekke klein gemeentetjies (eenheidsstruktuurtjies!)

gevorm het. Bekeerde Jode en ander Christene uit die heidendom en gelowige vrymanne en slawe en mans en vroue het in dieselfde gemeentes mekaar as broers en susters in die Here Jesus omhels en met hul gawes en andersoortighede verryk. En wanneer kerugmatiese faktore vanweë taal- en ander kultuurverskille mettertyd die stigting van verskillende kerke genoodsaak het, het dit nie die dieperliggende wesenlike eenheid van die kerk opgehef nie.

Ook in ons eie kerkgeskiedenis was die bedoeling van die sinodebesluit van 1857 nie om afsonderlike kerke tot stand te bring nie, maar slegs afsonderlike bedieninge. Immers het die kerk by verskeie geleenthede tussen 1826 en 1857 gewaarsku teen 'n verbreking van die eenheid, en daarop gewys dat gelowiges vanuit die "heidene" saam moet kan aanbid en saam nagmaal behoort te gebruik as behorende tot dieselfde kerk.

DIE EENHEID SLEGS GEESTELIK?

Of hierdie eenheid in 'n *eenheidstruktuur* moet opgaan ten einde sigbaar te word, is vir teenstanders van die proses die volgende debatspunt.

Struktuur het nie altyd in hierdie debat vir almal (en konsekwent) dieselfde betekenis nie. Vir voorstanders van die huidige proses beteken struktuur *een kerkverband* (die verskillende gemeentes saam in een ring, in een streeksinode, en in een algemene sinode). Vir sommiges in daardie kamp is 'n losserrige assosiaat van die sinodes van die onderskeie kerke in een oorhoofse (algemene) sinode ook strukturele eenheid. Sommige teenstanders voel egter dat die *identiteit* van die plaaslike gemeente in elke geval in die gedrang kom, om nie eens te praat van die *NG Kerk se geboue, fondse en pensioenfondse* nie.

Dikwels word deur teenstanders geargumenteer dat die NG Kerk mos in elk geval *oop* is - *enigee uit die ander kerke in die familie mag mos van die NG Kerk lidmaat word, word aangevoer.*

Teenstanders sien strukturele eenheid nie as behorende tot die wese van die kerk nie - hoogstens behoort dit tot die *welwese* daarvan (vgl bv artikel van JJ van Rensburg in *KERKBODE* 9 Maart 2007). As deel van die argument word aangevoer dat die algemeenheid (katolisiteit) van die kerk - dat die kerk dáár is waar gelowiges die drie-enige God se verlossing in Jesus Christus bely, en dit is oor die wêreld heen - strukturele eenheid 'n onmoontlikheid maak. En daarom is dit (strukturele eenheid) nie 'n wesenseienskap nie - aldus prof Van Rensburg.

Natuurlik is die eenheid van die kerk 'n *wesenseienskap* van die kerk - en hierdie eenheid is *beide geestelik en struktureel!* Voorstanders van die kerkherenigingsproses is daarvan oortuig dat die *herstelde kerkverband* uitdrukking aan die eenheid sal gee en hierdie *wesenseienskap* sal dien. Is dit nie in elk geval ook binne die gereformeerde kerkbeskouing die praktyk dat *kerkverband* 'n uitdrukking van die strukturele (sigbare) eenheid van die kerk is nie? Die kerkverband sorg tog vir die strukturele eenheid tussen die 106 gemeentes van die NG Kerk in Oos-Kaapland, asook vir die strukturele eenheid tussen die 1158 gemeentes in die NG Kerk in Suid-Afrika en Namibië. En wie durf dit ontken dat die (wêreldwye) Rooms Katolieke Kerk struktureel één kerk vorm?

KERKVERENIGING : STOKPERDJIE OF PASSIE?

Ek kry by vele teenstanders die indruk dat hulle die kerkherenigingsproses graag sien (en verkondig) as 'n stokperdjie van 'n paar moedswillige (en kwaadwillige?) kerkleiers. Laasgenoemdes word dan daarvan beskuldig dat hulle totaal uit pas is met die *gewone lidmate en hul sentimente*.

Toegegee - soos hierbo aangedui was die Algemene Sinodes in hul besluitneming miskien wel uit pas met die sentimente van baie van sy lidmate. Maar natuurlik sal dit ons almal baie goed doen om in hierdie saak veel eerder na God as na mense te luister. Die eintlike vraag moet wees : *Wie is met wie uit pas, en waarom?*

Natuurlik behoort die eenheid van die kerk niemand se stokperdjie te wees nie, maar (soos by Jesus!) ons almal se passie! En nooit mag die *zwakheid van sommigen* weer die besluit bepaal nie!

LUISTER ONS SAAM MET ANDER GELOWIGES?

Ek wonder soms hardop of teenstanders van die herenigingsproses nie maar weer die fout maak wat die kerk ook (voor die apartheidsgruwel) vroeër gemaak het nie, nl om die Bybel alleen te wil lees. In sy teologiese begroning van 'n politieke ideologie het die Kerk nie na stemme uit ander geloofsgemeenskappe (kerke) geluister nie. Ek dink dit sal ons almal pas om ook na ander gelowiges te luister.

Dit sal goed wees om te hoor by ons broers en susters in die Gereformeerde Kerke, AGS-Kerk, Metodiste Kerk, Anglikaanse Kerk en Rooms Katolieke Kerk (om enkeles te noem), hoe hulle die eenheid van die kerk verstaan : net maar as geestelik? En hoe hulle dit regkry om (in sommige gevalle al eeue lank!), ten spyte van die groot verskeidenheid ten opsigte van ras en kultuur, as *strukturele eenhede* te bestaan?

WYERE KERKVERENIGING

Teenstanders van die herenigingsproses beskuldig die huidige leierskap van die NG Kerk daarvan dat hulle nie genoeg erns maak met die hereniging van die Afrikaanse susterskerke nie. Natuurlik moet ook met daardie proses voortgegaan word - ook dit sal op die sakelyst van die Kerk bly soos die afgelope baie dekades in die bestaan van die Tussenkerklike Kommissie en sy voorgangers.

Vir hierdie aandrang by teenstanders is ek dankbaar - immers wys dit dat die geestelike eenheid (minstens) op hierdie punt *sigbaar* moet word!

My oortuiging is dat die (wêreldwye) verskeurdheid van die kerk nie die Koning van die Kerk se plan vir sy bruid is of was nie. Daarom sal die strukturele eenheid van die kerk tot met die wederkoms van Christus op die sakelyst van alle kerke moet bly!

KERKLIKE SAAK OP KERKLIKE WYSE?

Verdagmaking van mekaar is in hierdie debat aan die orde van die dag. Die hartseer ironie is dat die debat oor die eenheid van die kerk in hierdie geval 'n slegte getuigenis teenoor die wêreld is.

In 'n dokument wat onlangs versprei is word die Moderamen van die Algemene Sinode daarvan beskuldig dat hy (vermoedelik) 'n ooreenkoms met die dagbladders gesluit het om briewe van teenstanders van kerkhereniging nie meer te publiseer nie, en dat hy (vermoedelik) agter die skerms met die regering saamwerk om te verhoed dat diegene wat nie wil verenig nie die bates van die gemeentes behou. Ook word die *leiersgroep* daarvan beskuldig dat hulle die besluit alreeds geneem het, *en dat niks en niemand enige verdere inset sal kan lewer nie!*

Julle sukkel so met kerkhereniging want julle sukkel met die liefde, is onlangs deur 'n welmenende en toegewyde NG-lidmaat aan my gesê. En hy is reg!

WAAR DIE FAMILIE SAAMPRAAT WERK GOD.....

Wat my opval in die gebeure van die afgelope nege maande is dat waar groepe uit die verskillende kerke in die Familie saamkom, die Here kragtig deur sy Gees werk. Daar is geen ander verklaring moontlik vir dit wat by Esselenpark, Bloemfontein, Kemptonpark, Wildernis en Achterberg gebeur het nie. Die wonderlike groei in die onderlinge verhoudinge en die konsensus oor baie sake wat (minstens) op leierskapvlak bestaan, is duidelike voorbeelde hiervan.

Ook die onlangse Oos-Kaapse-byeenkoms van die ringskommissies van drie van die vier kerke op Cradock was so 'n geleentheid. Die nuwe energie wat ook daar losgekam het, het vele oortuig : *Nooit mag ons weer alleen oor hierdie saak praat nie. Ons moet dit saam met mekaar doen - anders doen ons onself 'n verskriklike onreg aan!*

Steeds is die oortuiging aan die toeneem : *Die Here se Woord, ons gemeenskaplike geloofsbelofte, ons gemeenskaplike kerkgeskiedenis, en die gemeenskaplike nood wat hierdie stukkende land beleef, eis van ons om een kerk te word!*

..... EN GROOT SAKE WORD KLEINER!

Ook sien ek dat sake wat tot redelik onlangs as groot struikelblokke in die proses gesien is, al kleiner word. Die Belhar-belydenis kan waarskynlik op 'n wyse hanteer word waarop dit van niemand weggeneem word nie, maar ook op niemand afgedwing word nie. Oor die eenheidsmodel op plaaslike (gemeente-) vlak is daar groot eenstemmigheid, en die VGK en NGKA kan mekaar vind ten opsigte van hul eiendomme.

Dit maak my opgewonde en diep dankbaar teenoor God! Hierdie is mos sy saak - en Hy werk! Daarom moet ons ook meer en ernstiger bid vir die *eenheid van die kerk* - immers is dit 'n saak vir die Gees!

Hansie Schutte
Cradock
18 Maart 2007